**Saterdag 7 September**

| Skrifgedeelte: Romeine 4:1-6 | Fokusgedeelte: Romeine 4:5 |
| --- | --- |

## Vryspraak deur geloof

Vryspraak is net op een manier moontlik, en dit is deur die lyde en sterwe van Jesus Christus aan die kruis. Daar is geen ander moontlikheid nie. Wetsonderhouding bring jou nêrens nie, omdat jy ’n sondige mens is. Jy kan ook nie met geld betaal om van jou sondes bevry te word nie. Alleen deur die bloed van Jesus Christus is daar vergewing van sondes. Hy het die wet in al sy fasette vir ons volbring.

Jy mag vra: Wat kan ek doen om deel te kry aan die vryspraak wat Jesus deur sy lyde aan die kruis verwerf het? Die antwoord is: Jy moet glo! Jy moet onvoorwaardelik glo in hierdie magtige verlossingsplan van God wat Hy in werking gestel het deur sy Seun na die aarde toe te stuur. Jy moet glo dat Hy ook vir jou aan die kruis gesterf het en vir jou sondes betaal het. Alleen deur dit te glo, kry jy deel daaraan, soos dit ook in die Nederlandse Geloofsbelydenis (Art. 22) gestel word: “Die geloof omhels Jesus Christus met al sy verdienstes. Dit maak Hom ons eie en soek na niks anders as na Hom nie.” Paulus haal die Skrif aan (Rom. 4:3, 9): “Abraham het geglo, en God het hom vrygespreek.”

Die Heilige Gees werk die opregte geloof in ons harte, maar hierdie geloof moet kos kry. Voed dit met die Woord. Lees en bestudeer jou Bybel gereeld. Gaan elke Sondag kerk toe en neem deel aan die Nagmaalsviering. Dit is die middele waardeur God jou geloof voed.

*Sing: Skrifberyming 12-2:4*

*Ds. PJ van der Walt (Pieter) (Emeritus)*